St. Raymond van Peñafort

7 Januarie

(1175-1275)

Hierdie begaafde Dominikaanse priester en teoloog was ’n boorling van Katalonië (in Spanje). Hy bekwaam in hom in Kerkreg aan die universiteit van Bologna en word deur pous Gregorius IX na Rome ontbied waar hy die reuse taak ontvang om al die pouslike dekrete van die vorige eeue te versamel en te organiseer. Hy word ook aangestel as biegvader van die pous. Verder het hy ’n gevalle-studiegids vir biegvaders geskryf wat as ’n baanbrekerswerk op die gebied van moraal teologie beskou word. Hy weier die biskopsamp wat die pous hom aanbied en keer terug na sy geboorteland waar hy ’n geruime tyd diens doen as owerste-generaal van sy orde.

© Die Oratorium Uitgewery